

Saterdag 4 Maart

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Efesiërs 5:6-20

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22; Efesiërs 5:8, 9

Om goed te doen, is deel van gelowig wees

Donkerte assosieer mens met konkelwerk, moord, diefstal, ongeoorloofde verhoudings, die werk van die bese en die dood. Ons Here Jesus het ons van die duisternis bevry.

Dit het implikasies vir ons lewens. God het ons nie net bevry en toe gelos nie. Hy verwag van ons om as mense (kinders) van die lig te lewe, want in die Here is ons self ook nou lig (Ef. 5:8). 'n Lig verdryf altyd donkerte. Kyk maar net wat gebeur wanneer mens 'n lig in 'n donker vertrek aanskakel.

Goedhartigheid of goedheid is deel van die vrug van 'n gelowige wat nou self 'n lig is. 'n Gelowige kan nie anders as om goed te wees nie, want dit is een van die vrugte wat God se Gees in gelowiges voortbring. God gebruik ons so om die duisternis om ons te verdryf.

In praktyk beteken goedhartigheid of goedheid om 'n lewe van hoë morele standaard te handhaaf. Waar mense let op hoe hulle praat en banale gesprekke vermy, skep dit 'n aangename atmosfeer. Waar mense hardwerkend en eerlik is, is daar nie wantroue dat iets gesteel gaan word nie. Waar mense kalm optree, is daar rustigheid en vrede in 'n kantoor. Waar huweliksmaats aan mekaar getrou is, is 'n gesin 'n veilige hawe.

God verwag nie van ons om die wêreld te probeer verander met grootse sosiale programme nie. Hy verander die wêreld wanneer ons toelaat dat sy Gees in ons vrug dra deur onder andere goed te doen en só lig te bring.

Sing: Psalm 145:1, 5 (1936)

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)